# KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com



## KAMMASTORIES UIT KAMMALAND

NOVEMBER 2024 No 513


## Touleier:

Hallo julle,

Net eers gou weer baie dankie seg aan diegene wat so mooi gereageer het en my gevra het tog maar aan te gaan met ons ondersteuning van Hennenman. Party het gevra hoekom nou juis Hennenman? Een wou selfs weet maar waar in die wereld is die Hennenman?!

Dit het my genoop om net vir die nuwes onder ons, so n kort oorsig te gee oor wat ons sommer losweg verwys na die kosblikkie projek.

Sommer vroeg in die eeu het een van ons lesers gevra ons moet die Elizabeth tehuis vir behoeftige kinders in Johannesburg help red van ondergang. Ons glo ons ruim bydrae daai tyd het gehelp. Moet sê, ek weet nie wat intussen van die plek geword het nie, dalk kan een vn julle vir ons gaan ghoogleloer of dit nog bestaan?

Hoe dit ook al sy ons beweeg toe aan en ondersteun die Yade projek in Bloemfontein tot ons eendag uitvind een van die tannies in beheer daar, word ryk uit ons donasies.

Toe vra Alwyn Schlebusch van Hennenman my of ons bewus is hoe swaar dit met ons eie volkie gaan in die Vrystaatse platteland. Daaruit is die kosblikkie projek gebore en ons het ons piek bereik toe Tony Clegg (ja, dis die wit Zulu se broer) daarvoor gesorg het dat ons ongeveer R10,000 ekstra kon geen rondom kersfees om Helpende Hande van Solidariteit in staat te stel om n uihang kersfees aan te bied vir ons arm kindertjies en babas van Hennenman.

So, die van julle wat belowe het, haal asb nou weer gereeld uit en wys! Ons kan net aanhou as julle gereeld ietsie afknyp en stuur. Een van ons oumas brei tot sokkies vir daai kleingoed.

Hier is n insetsel wat ons n ruk terug ontvang het

Die bankbesonderhede is agter in die nuusbrief. Ons kon weer R1000 stuur die maand!

*Hennie en Annabelle*



Hennie,

Baie dankie vir julle maandelikse ondersteuning aan hierdie baba's! Elk van hierdie ses baba's kon hierdie maand 'n pak doeke, room, seep, poeier, vaseline en oorstokkies kry. Dit maak aan hierdie huishoudings 'n groot verskil en die mammas is regtig baie dankbaar. Ons waardeer julle onbaatsugtige ondersteuning aan Hennenman se Helpende Hand tak regtig baie – julle maak ons hande sterk.

Nogmaals dankie! Baie groete,

Die Bestuur, Hennenman Helpende Hand tak

# Dié Maand se Giggels
























Het heerlik saam gelees, veral lyk die resepte onheilig lekker.

My kop is altyd by kos daarom noem ek Kammanuus 'n behoorlike smullekker "allegaartjie"...glo die Afrikaans vir 'n " Mixed Grill "

Dit bevat van alles en nog wat.

Waardering.

Elana Spangenberg SWELLENDAM

**UIT NIEU ZEELAND:** Ten tye van my prille jeug het mense my 'n “boekwurm” genoem. Ek het seker die reputasie verdien, want ek was baie lief vir lees – as 'n ding maar net na 'n boek gelyk het en ek kon dit in die hande kry, het ek hom gelees – enkeles meer as een keer. Gunsteling temas was reis- en avontuurverhale, soos die Suidpool-ekspedisies, Mount Everest enKonTiki, selfs ou Gulliver se reise en die Romeinse- en Griekse mitologie.

'n Verhaal wat my besonder geboei het, is Robinson Crusoe, geskryf deur Daniel Defoe, circa 1719. Dit handel oor 'n skipbreukeling (ou Robinson) wat vir baie jare gestrand was op 'n klein eilandjie, derduisende myle van enige vasteland en skeepsroetes. Die eiland is bewoon deur veglustige kannibale wat gedurig met ander stamme op die eiland en ander klein eilande in die nabye omgewing oorlog gemaak het, Soos dit ware kannibale se gebruik was, het die wenner natuurlik sy slagoffer se vlees verorber. Die brein was spesiaal en het ook simboliese betekenis gehad, nogal grillerig.

Ons draai nou die kalender vinnig voorwaarts, so drie eeue plus 'n bietjie en dit bring ons by die uitbreek van die aaklige Covid pandemie. Alle grense word gesluit, mense se beweging word beperk en selfs 'n aandklok- reël word ingestel. Geen lug of see-vervoer word toegelaat nie, nie eens pos nie. Ons het darem nog internet en TV.

Op 'n dag sit ek en mediteer oor die situasie en dit tref my soos die spreekwoordlike weerligstraal: Ek bevind my in soortgelyke omstandighede as ou Robinson destyds! Hier sit ek gestrand op 'n klein eilandjie aan die stertkant van die aarde, duisende kilometers van die naaste vasteland en niks of niemand kom in of uit nie. Een of ander tyd gaan die voedsel opraak en wat dan? Die nasate van genoemde kannibale bewoon steeds die eiland– hulle het wel kannibalisme 'n paar eeue gelede afgeskaf, maar ons weet tog - in tye van uiterste nood is mense geneig om op instink te handel. Ek is liggaamlik in puik kondisie en dit maak my bang – ek wil nie my naam op hulle spyskaart sien nie. My vrou sê ek is totaal pêrenoid, maar my vrees is eg: kyk mooi na die foto en sê dan vir my, wat sal jy doen as so 'n ou jou aankyk en sy lippe begin aflek? Ek sal verseker iets oorkom, daarom moet u my nou asseblief verskoon, ek moet dringend verder aan my vlot gaan werk,



Groete

Stephen

NZ

# BRIEF UIT BELGIË (Vervolg)

Elsbeth Verhoeven




Na 5 dae het ons na Florence vertrek en in 'n baie ou gebou in die middestad gebly. Een hele vloer is gerenoveer van hierdie gebou en dis vreeslik mooi gedoen. Dit was 'n jongman van ongeveer 34 jaar oud wat die plek gekoop het en 'n gasteplek daarvan gemaak het. Baie smaakvol. Vir ons kar moes daar 'n spesiale permit gereël word sodat ons die stad mag binnery en so 50 meter van waar ons gewoon het was 'n parkeer garage. Jy ry in en gee die sleutel vir iemand wat dit dan gaan bêre. Ons het baie gestap en oor die Arnorivier gestap met die hoogste heuwel na bo. Die brug oor die Arnorivier is baie interessant.
Mense woon in die brug. Daar is ongeveer 4 verdiepings van brug woon. Dis ook bekend vir al die juwelierswinkels wat op die brug is. Na die paar dae in die stad is ons terug na Baragazza. Al die vensters het gaas voor en omdat dit so warm was, was ons vensters permanent oop, maar geen insekte kan invlieg nie. Naby Baragazza is 'n snelweg en ek en Paul is die laaste dag weg met die snelweg om die vliegtuig terug te haal na Brussel.
Die laaste week van Augustus het Karel en 'n ou skoolvriend van hom by ons aangesluit in België. Ons het plek vir hulle gereël by familie in Oelegem, maar elke oggend het hulle by ons kom ontbyt eet. Vir die tyd wat hulle by ons was het ons allerhande interessante uitstappies met hul gedoen. Karel se vriend is 'n Ingenieur en ons het gaan wys hoe die sluise werk waar die bote beurte moet maak om deur te gaan langs die Albertkanaal.
Ons het hul op 'n kulturele toer geneem na Antwerpen waar Kris (Paul se broer) hul op 'n geskiedkundige toer geneem het deur die ou stad.

Elke nou en dan sê hy, hy is nou moeg gepraat en sy keel is droog en hul moet êrens gaan sit vir 'n bier. Daar is mos meer as 300 verskillende soorte biere in België. Kris is eintlik 'n Geoloog en sy vrou 'n Argeoloog. Kris het vir amper 20 jaar by die Gent se Universiteit gewerk en op ekskursies gegaan met argeoloë waar hul opgrawings werk gedoen het. Hy en sy vrou was vir amper een jaar in Irak waar hulle na die land van Mesopotamië gesoek het. Ook in Armenië om die Ark (Noag se ark) te soek. In Bagdad was daar so baie olie dat dit sommer opgeborrel het in sommige strate in die buitewyke van die stad. Kris het so 'n paar jaar gelede (nadat die Gent Universiteit se navorsing opgeskort was nadat daar nie meer so baie fondse was nie), 'n onderwys diploma gaan doen en o.a. is sy vakgebied Aardrykskunde. Hy gee natuurlik ander vakke ook. Die skool waar hy betrokke is het natuurlik baie Arabiese kinders. Om gou terug te kom na Karel se vriend. Hy kon nie fiets ry nie. Sy vriendin het in Kaapstad 2 fietse in die hande gekry en hom eers gaan leer hoe om fiets te ry. Toe Lohan le Roux saam met ons fiets gery het was dit sy 3 de keer. Hy was nog nooit in sy lewe in Europa nie. Alles vir hom was 'n wow. Karel wat al so gewoond is om te reis het alles vir sy vriend gereël. Hy moes net saamkom. Ek dink hulle het 'n ongelooflike tyd gehad. Hulle was ook Amsterdam toe en 'n vriendin van Karel wat uit Stellenbosch kom en wat 'n aktuaris is woon en werk in Amsterdam. Sy het gesê hulle kan haar woonstel wat sy gekoop het gebruik terwyl sy saam met haar pa wat 'n dosent is by Stellenbosch in Duitsland gekuier het. Almal was met vakansie. Karen Minsaer, Kris se vrou is die Hoof Argeoloog van Antwerpen stad. Karen het baie interessante ondersoeke waarvan sy aan die hoof staan. Sy moet begin November na Italië vir 'n konferensie gaan waar sy 'n referaat lewer

Volgende naweek gaan sy en Kris na Wene om 'n paar museums te besoek waar daar spesifieke uitstallings is. Mense in Europa kan elke maand 'n "city trip"doen na enige stad. Dis maar 'n manier om dinge te doen. Die vervoerstelsel is uitstekend en mens kan maklik sonder 'n kar regkom.




Ek stuur vir julle ń oulike storietjie van die destydse weermag manne.
Is dit hoe ons kommunikeer?

**Die Kommandant aan die Majoor:**

"More-oggend om 9:00vm sal daar ń sonsverduistering wees, iets wat nie elke dag voorkom nie. Laat die manskappe in hul werksklere aantree op die paradegrond sodat hulle hierdie seldsame verskynsel jan sien.
Dan sal ek aan hulle veduidelik.
As dit reën sal ons niks kan sien nie en in daardie geval, neem die manskappe na die gimnastieksaal."

## Die Majoor aan die Kaptein:

"Op bevel van die Kommandant is daar môreoggend om 9:00 vm ń sonsveduistering. As dit reën sal julle dit nie vanaf die paradegrond kan sien nie, dus dan sal, in werksklere, die sonsverduistering plaasvind in die gimnastieksaal. Iets wat nie elke dag voorkom nie."

## Die kaptein aan die Luitenant:

"Op die bevel van die Kommandant sal daar môre oggend om 9:00 vm in werksklere die installasie van ń sonsverduistering in die gimnastieksaal plaasvind. Die kommandant sal die bevel geein geval dit reën, iets wat elke dag voorkom.

## Die Luitenant aan die Sersant:

"Môre-oggend om 9:00vm sal die Kommandant in werksklere die son verduister in die gimnastieksaal wat elke dag voorkom as dit ń mooi dag is. As dit reën dan op die paradegrond".

## Die Sersant aan die Korporaal:

"Môre-oggend om 9:00vm sal die verduistering van die Kommandant in werksklere plaasvind deur middel van die son.
As dit reën in die gimnastieksaal, iets wat nie elke dag voorkom nie, dan moet julle aantree op die paradegrond".

## Kommentaar onder die Manskappe:

"As dit môre reën, dan is dit waarskynlik dat die son die Kommandant in die gimnastieksaal sal verduister.
Dit is jammer dat so iets nie elke dag voorkom nie "
Johann
Seksie 27

# NOG N PAAR GIGGELS
















# OP DIE GRIEKWA MANIER

## HABAKUK 3

Al sallie doringse innie veld nie meer wil blommie
ennie wingerde oppie jaartse se troste willie kommie;
al sallie dadelse nou niks dadelse meer dra nie
en dit nie jelp om te putse virrie water te gra nie;
al sal da nie meer skaap innie kampe in wesie,
innie krale is da nie meer bok, of eers 'n besie,
dan sal ek nog altyd innie Jirre sit jibbel en jyg,
want die Jirre red dies wat voor Hom byg.

Hy gjee my voete vanne gemsbok, die Kalarie lê oop,
en ek sal nou veilig hie oppie hoogste dyne kan loop.

Ons spring weer weg met ons gewilde stamboom hoekie waar lesers wat navorsing doen oor hulle familie stambome, kan kom aanklop en vra om met ander wat ook dieselfde van of vanne navors, in aanraking kan kom.

Onthou, dis 'n selfhelp skema en ek plaas slegs die adresse hier en op die Onsdorp webwerf




Ek is stadig maar seker besig om die **STAMBOOM** afdeling daar weer op die been te bring sodat jy rustig daar kan gaan loer of jou van ook daar is.

So het Bettie Herbst byvoorbeeld onlangs haar navraag ingestuur sodat ons dit saam met die ander **Herbst** vanne kan gaan adverteer vir uitruil van inligting onder mekaar.
Bettie se adres is: bettyblonde16@gmail.com

**DIE SKAKEL NA DIE STAMBOOM BLADSY VAN ONSDORP.COM: https://onsdorp.com/stamboom/**

# Spreekkamerstories

## Met 'n lepel vol lag

Dr. Fana Malherbe



Ja, 'n mens moet maar geduldig wees met die ouer mense.

Toe die burgemeester oorlede is, moes die weduwee oppak om na die aftreeoord te gaan. Sal dokter tog nie asseblief 'n draai by haar maak nie? Dis nie dringend nie, maar sy het 'n bietjie hulp nodig.

Dit blyk toe dat sy met die oppak die medisynekas leeggemaak het en nou wil sy weet watter medisyne nog bruikbaar is. Dit neem hom 'n halfuur om die spul uit te sorteer, want net enkele middels is nog effektief.

Sy is dankbaar. "Maar daar is nog hierdie pilletjie, dokter. Hy is fantasties goed. Wat is dit?"

Dokter kyk, maar hy het geen idee wat die klein ronde pilletjie is nie.

"Waarvoor is dit goed?" vra hy.

"Nee, dokter, dis juis die probleem. Ek kan nie onthou waarvoor dit so goed was nie."



Twee maal per week het dr. Lambrechts 'n kliniek op Pearston gaan doen. Dit was vir die dorpie 'n hoogtepunt van die week. Die mense het dik gesit vir 'n bietjie raad of 'n salfie. Daar het almal mekaar gesien en 'n lekker storietjie gesels.

Hy moes ook die distrik in na plase toe en het dikwels 'n werklose jong man met 'n drankprobleem saamgeneem om die hekke oop te maak. Dit het die kêrel darem iets gegee om te doen en dit het hom uit die kroeg weggehou.

Toe dokter op 'n keer by sy kar kom, vind hy die kêrel geweldig ontsteld. Dit blyk toe dat hy 'n brief van die staat gekry het in verband met sy werkloosheidstoelaag, gerig aan Pensionarisse en Armlastiges.

"Dokter, ek weet ek is arm, maar ek was wragtag nog nooit lastig nie!"

# SPREEKWOORDELIKS

## Spreuke, Spreekwoorde en Idiome

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Doppie:** Iemand se doppie het geklap (iemand is dood)



By ou gewere is die kruit ontsteek met 'n koperdoppie. As jou doppie dus geklap het, het dit beteken dat die koeël afgevuur is en die geweer verder nutteloos was.

**Dreef:** Op dreef kom (vorder, aan die gang kom)



Dreef is 'n afleiding van dryf, en beteken dus "die pad waarlangs vee gedryf is"; by uitbreiding dus om op die regte pad te kom en aan die gang te kom, te vorder.

**Druif:** Die druiwe is suur (iets verkleineer wat jy graag wil hê maar nie kan kry nie)

Na aanleiding van die fabel van Esopus waarin die jakkals tevergeefs probeer het om die trosse by te kom en toe vir almal vertel het dat die druiwe in elk geval suur is.




**Duie:** In duie stort (misluk, tot niet raak)

Die duie is die segmente van 'n houtvat wat deur die hoepels in posisie gehou word. As die hoepels losraak, stort die vat in duie uitmekaar.

**Duim:** Duim vashou vir iemand (hoop dat iemand suksesvol is)

Volgens oorlewering stam dit uit die tyd van die gladiatore in die Romeinse arena: as die verloorder se lewe gespaar moes word, het die keiser sy duim in sy vuis toegevou – andersins het hy die duim uitgesteek, met noodlottige gevolge.






# LEIPOLD SE TAMATIEKOS



Liewe lesers,
Wie is ons as ons nie leer by die meesters van die verlede nie? Meeste van my gunsteling kokke is nou reeds ontslape, my gunsteling natuurlik my liewe Ouma by wie ek letterlik geleer het hoe kaneel en nartjieskil 'n sintuiglike taal van sy eie word! En wie van ons ken nie Leipoldt die kok, wat ook met geure kon dig nie? Hier is een van my gunsteling Leipoldt disse!

**BESTANDDELE:**
1 kg ryp tamaties; 2 groen tamaties; 1 kg skaaprib; meel om te strooi; 500 g uie ;3 preie
1 E groen gemmer; 6 kardamom peule; 1 t koljandersade; 1 E sout; 1 t swart peperkorrels
½ t vinkelsaad ; 1 E vars tiemie blare ; 1 E vars marjolein ; ½ k knoffel blare
½ t gedroogde brandrissie ; 1 E blatjang ; 1 E bruinsuiker ; ½ glas rooiwyn

**METODE:**
Skil die tamaties en sny dit in kwarte.
Sny die rib in stukke en strooi met meel.
Braai die vleis, gekapte uie, preie en groengemmer in 'n bietjie kookolie.
Voeg die kardamom, koljander, sout, peperkorrels, vinkel, tiemie, marjolein, knoffelblare en brandrissie by.
Sodra die vleis effe bruin word, kan die tamaties bygevoeg word.
Sit die deksel op en laat dit lank en stadig stowe.
Voeg die blatjang en bruinsuiker by en laat prut vir nog twee uur, dié keer met die deksel af.
Sodra die sous lekker dik is, voeg die halwe glas rooiwyn by, kook vinnig deur en bedien.
Mooi bly tot volgende keer!
Groetes
Retha

# Stilte in die Hof!

Staaltjies van humor vanaf die Regbank tussen 1950 en 1990

– Soos losweg Vertaal uit 'Bar Bench and Bullshifters'.

## DIE STENOGRAWE

Daar was geen meganiese of elektroniese toestelle vir die opname van hofverrigtinge gedurende die 1950's en 1960's nie. Die opname van die verrigtinge is gedoen deur 'n span stenograwe, of snelskrifskrywers soos hulle genoem is. Verskeie van hulle het verdubbel as Hansard-blokfluiters soos Fanie Louw waarna vroeër verwys is, Walter McFarlane, Ribbnik senior en Ribbnik junior, wat 'n "snelskrifmasjien" gebruik het, 'n soort tikmasjien wat in die Verenigde State ontwerp is en letters uitgedruk het wat snelskrifsimbole voorgestel het. Die drie permanente snelskrifskrywers by die hof was Val McFarlane, Isabel Hart en 'n bejaarde heer, genaamd Buys.

Willie Burger onthou ook 'n minder as begaafde stenograaf, Fick, wat toe hy een keer op die baan gevra is om 'n getuie se getuienis terug te lees, dit nie kon doen nie omdat hy niks afgehaal het nie.
Steyn onthou dat die stenograwe baie akkuraat en vinnig was. Jy kan 'n transkripsie van Val McFarlane van die vorige dag se getuienis teen die oggend laat tik en op jou lessenaar laat tik.
Tebbutt vertel 'n storie waarby "Pop" Ribbnik snr betrokke was:
"*Ahrn Palley (later 'n parlementslid in Rhodesië, in opposisie teen Ian Smith se Rhodesiese Front) het verskyn teen my in 'n voertuigsaak*."
Sy Afrikaans het nie bestaan nie. Die botsing is gesien deur 'n getuie wat net twee dae tevore uit Holland aangekom het.
Beyers was op die bank. Die Hollander het gevra of hy Nederlands kon praat, waarop Beyers geantwoord het: 'Sekerlik'.

Tebbutt het opgestaan, wetende van Palley se penarie. Hy het die Bank met respek daaraan herinner dat Engels en Afrikaans die amptelike tale is.

Die volgende dialoog het gevolg:

Beyers J: Het jy die Vlagwet, 1926 gelees?
Tebbutt: Ja.
Beyers J: Wat sê dit?
Tebbutt: Dat die twee amptelike tale Engels en Nederlands is, wat Afrikaans insluit.

Nietemin het Tebbutt weer probeer. Hy het daarop gewys dat Ribbnik, die stenograaf, probleme kan ondervind. Ribbnik het dadelik verontwaardig gepraat: "*My Heer, ek is 'n Hollander - en ek het my snelskrif in Holland geleer*". Tebbutt het gedoen wat hy kon.
Palley kon nie die getuie kruisondervra nie.
Tebbutt het die saak loshande gewen.

# AGTEROS


DANA SNYMAN

## OGGENDVERSOEKE

'n Hartlike goeie more. Dis weer tyd vir Oggendversoeke saam met my, Fonnie du Plooy, hier op Radiosondergrense. En ai, ek het soos gewoonlik weer die pragtigste ou kaartjies en ou briefies ontvang. Dis so lekker om te sien ons mense gee nog om vir mekaar.

Kom ons spring sommer dadelik weg. Die eerste briefie kom van Durban af. Dis van Rudolf Straeuli, hy stuur liefdegroete en seënwense aan almal wat hom die laaste drie en twintig maande so getrou beswadder, beledig en beskinder het. Hy waardeer dit opreg en wens sy opvolger as Springbokafrigter Gods rykste seën — en R2 miljoen —toe vir die dag wanneer die ook afgedank gaan word.

Pragtig, nè? Pragtig.

Die volgende enetjie kom van Steve in Midrand. "Liewe Anton," skryf hy, "sodra ek besluit het of Johannes 14 vers 6 regtig in die Bybel hoort en of Bart Simpson nie dalk 'n beter wêreld as God sou kon skep nie sal ek jou ook Gods rykste seën toewens en gedurig in my gebede aan jou dink"

### Ek wens julle almal 'n miserabele Kersfees toe,

A! Dis mooi, nè? Die man is so diep, so diep. Dan het ek ook 'n briefie van Marietjie uit George ontvang — dis nou Marietjie Prinsloo. Sy wil hê ek moet 'n plaatjie speel vir almal wat hulle geld in haar Krion-skema belê het. Eintlik moet ek die briefie ook vir julle lees. Dis so pragtig. Sy skryf: "Baie dankie aan julle dierbare mensies wat so geldgierig en goedgelowig was om jul geld by my te belê sodat ek my liefde vir kitsch-skilderye, Wetherley-rusbanke en uiteet kon uitleef. Ek wens julle almal 'n miserabele Kersfees toe, sonder geld vir 'n seevakansie, presente of 'n lekker feesmaal." Ai, die vrou bly darem 'n inspirasie vir ons almal, nè?

Allamapstieks! Hier is ook die pragtigste kaartjie van minister Manto Tshabalala-Msimang af. Dit is darem nou iemand wat regtig omgee. Sy wens alle HIV-lyers voorspoed en seën vir die nuwe jaar toe. "Eet julle knoffel en pietersielie getrou," skryf sy, "en een van die dae is julle weer perdfris en gesond."

Dan is hier ook enetjie van Amor af. "My liewe Joost," skryf sy, ly sal altyd my poeksie-woeksie-njoeksie-njaksie en my wonderlikste Waatlemoenpitjie, konynsnoetjie en krokodilasempie bly."

0e, hier is 'n mooi enetjie van Pretoria af. "Aan die oudleerlinge van die Hoërskool Waterkloof wat teregstaan vir die moord op 'n weerlose man, dankie dat julle so mooi vir ons in die koerante glimlag. Otis wens julle 'n mooi jaar vol Police-sonbrille toe en mag jul moeders altyd selfone hê om oor te praat." Pragtig. Pragtig.

Soos gewoonlik is hier ook 'n briefie van Dan Roodt. Met 'n boodskappie aan homself. Dis pragtig, nè? Die man stuur 'n boodskappie aan homself. Hy se: "Vasbyt en moed hou, ou maat, eendag kan alle Afrikaners nog agter die hoe mure van die Dainfern-gholflandgoed woon."

A! Nog 'n pragtige kaartjie, 'n pienketjie, met die mooiste pienk strikkie op. Dit kom van Danie Botha af. Die gospelsanger, julle ken hom mos. Hy skryf: "Ek wil net vir alle middelmatige Afrikaanse sangers sê daar is hoop vir julle in die nuwe jaar: Begin gospel sing. onthou altyd: 'n Letterlike vertolking van die Bybel is baie belangriker as die liefdesgebod." Wyse woorde, nè? Wyse woorde.
Daarom gaan ek sommer nou Vir almal 'n liedjie van Danie speel: die lank vergete "Wenners". Want ons is mos almal wenners in hierdie pragtige land van ons.

## 15 jaar se KOSBLIKKIE PROJEK: HELPENDE HANDE - HENNENMAN

Indien jy graag wil help sorg dat ons voortgaan met ons hulp aan Hennenman se swaarkry kinders, stuur asb. 'n gereelde maandelikse bedraggie na die



**TOT VOLGENDE MAAND TOE!**